

## Die oop boekie: soet in die mond, bitter in die maag

### Openbaring 10:1-11

19 Julie 2020

1. Onderbreking in die beskrywing van die trompette na trompet 6
2. Wie is die engel uit die hemel?
  - a. Beskrywing van die engel: sterk (Op 5:2,6), uit die hemel (Op 5:6), bekleed met 'n wolk (Dan 7:13, Op 14:4), reënboog (Op 4:3, Eseg 1:26-28), gesig soos die son (Op 1:26), bene soos vuurpilare (Op 1:15), een voet op see en ander op land (vgl Op 12:18, Op 13), stem soos 'n leeu wat brul (Op 5:5).
  - b. Gen 22:15-16
  - c. Die engel is Jesus
3. Wat is die betekenis van die sewe donderslae?
  - a. Sewe donderslae se inhoud moet geheim gehou word
  - b. Moontlikhede waarna dit kan verwys: dinge wat nie geopenbaar is nie (Deut 29:29), spesifieke bemoediging aan Johannes (vgl 2 Kor 12:2-4), addisionele stel oordele
  - c. Ons weet nie – nie alles is geopenbaar nie
4. Wat is die betekenis van die eed wat die engel aflê?
  - a. Hand oplig tydens eedswering (Dan 12:7, Deut 32:40, Gen 14:22)
  - b. By wie word die eed afgelê?
    - i. Een wat ewig lewe – vgl met Dan 7 se Oue van dae (Ancient of days)
    - ii. Skepper van hemel, see, aarde en alles daarin
  - c. Inhoud van die eed
    - i. Nie meer tyd oor tot blaas van 7de trompet nie (vgl OAV, NAV, DAV, NIV, ESV, vgl Op 6:11)
    - ii. God se verborge bedoeling met alles word bereik (Dan 12:4-7, Rom 16:25-26, Ef 3:3-6)
5. Wat is die betekenis van die oop boekie in die engel se hand?
  - a. Vgl met Op 5: Jesus neem geseëldes (toe) boekrol uit die hand van die Vader
  - b. Boekie (verkleinwoord): want bevat nie al die detail van boekrol nie, bv sewe donderslae is afwesig
  - c. Oop boekie: want Jesus het reeds die (volledige) boekrol oopgemaak
  - d. Oop boekie bevat wel alles wat Johannes moet gaan verkondig
  - e. Soet in mond – aangename inhoud (Eseg 2:8-3:3)
  - f. Bitter in maag – moeilik verteerbare inhoud, ongewilde inhoud (Jer 15:15-18)
  - g. Soet en bitter moet Johannes dring om te gaan verkondig
  - h. Rede vir onderbreking na 6de trompet: geseëldes het 'n verantwoordelikheid voor 7de trompet blaas
6. Toepassing
  - a. Op 10:7 het belangrike implikasies vir interpretasie van die boek Openbaring
  - b. Jesus se eed bring dringendheid om God se boodskap te verkondig
  - c. Ons moet Bybel verteer: beide die dele wat soet in die mond is en die dele wat ons maag bitter maak. Beide die soet en die bitter moet ons aanspoor om te verkondig